Wes-Kaapse Regering
Onderwys

# GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 1

## SEPTEMBER 2013

**PUNTE: 80**
**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTINGSBLADSY**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:
  AFDELING A : Leesbegrip (Vraag 1) (30 punte)
  AFDELING B : Opsomming (Vraag 2) (10 punte)
  AFDELING C : Taal (Vraag 3, 4 & 5) (40 punte)

- Lees ALLE instruksies versigtig deur.

- Beantwoord AL die vrae.

- Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

- Trek ’n streep na elke afdeling.

- Nommer elke antwoord presies soos die vrae op die vraestel genommer is.

- Laat ’n reël oop na elke antwoord.

- Skryf netjies en leesbaar.

- Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: KOERANTARTIKEL**

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

# Werksoek is harde werk

1 Werk is skaars en jou CV en hoe voorbereid jy vir die onderhoud is, bepaal dikwels of jy die werk gaan kry. Al sê die geleerde mense die resessie is iets van die verlede, voel baie mense dit nog aan hul lywe. Baie mense sukkel om hul skuld te betaal, terwyl ander werkloos is en sukkel om kop bo water te hou. Dié wat werk soek, doen oor en oor aansoek, maar sonder sukses. Miskien is jou CV nie netjies genoeg of op standaard nie. Of dalk weet jy nie hoe om op te tree wanneer jy vir ’n onderhoud gaan nie. Baie min mense is suksesvol wanneer hulle die eerste keer vir ’n werk aansoek doen, maar die belangrikste is om nooit moed op te gee nie. Berei dus behoorlik voor, want werksoek is harde werk.

2 Die eerste stap is om werksgeleenthede te kry waarvoor jy kan aansoek doen. Volgens Teryl Schroenn, uitvoerende hoof van Accsys, kan vakante poste in die koerante se advertensie-afdeling, op maatskappye se webwerwe en by werwingsmaatskappye gekry word. “Mense kan ook by maatskappye vir wie hulle graag wil werk, aansoek doen.”

3 Nou moet jy aansoek doen vir die poste waarvoor jy die toepaslike kwalifikasies het. Dié stap word deur baie werwingsagente as die belangrikste beskou omdat die curriculum vitae of CV (’n opsomming van jou persoonlike inligting, soos werksondervinding en skoolopleiding) die aansoeker aan die werkgewer voorstel. Volgens Schroenn kyk maatskappye eerste vir ’n aansoeker wat min of meer aan al die posbeskrywings voldoen. “Hulle kyk ook na vorige prestasies en werkondervinding.”

4 Onnetheid asook spel- en taalfoute op ’n CV word nie deur enige maatskappy geduld nie en skep ’n negatiewe beeld van die aansoeker.

5 ’n CV moet persoonlike en opleidingsinligting, werkondervinding, prestasies en verwysings bevat. Dit moet maklik leesbaar en op datum wees. Dit is ook belangrik dat jy professionele verwysings het. “Moenie jou ma, kêrel of vriend as ’n verwysing op jou CV meld nie en maak seker die verwysings se kontakinligting is ingesluit in jou CV,” sê Schroenn.

6 Dit is ook belangrik dat jy ’n kort, beskrywende dekbrief saam met jou CV stuur. Die dekbrief is belangrik, want dit stel die aansoeker voor aan die werkgewer. Die dekbrief kan ook bepaal of die werkgewer meer van die aansoeker wil weet en daarna deur die CV gaan kyk.

7 Hoe die werksonderhoud verloop, gaan bepaal of jy die werk kry of nie. Dit is belangrik om navorsing oor die maatskappy te doen en om voor te berei vir standaardvrae wat jy in die onderhoud kan verwag. Neem ’n afskrif van jou CV saam en maak seker jy weet presies wat daarin staan. Trek professioneel, maar toepaslik aan vir die onderhoud en maak seker dat jy betyds is.

8 Schroenn meen baie aansoekers verbeur hul kans wanneer hulle nie weet vir watter werk hulle aansoek gedoen het nie. Wees ook voorbereid vir vrae soos *Waar sien jy jouself oor vyf of tien jaar?* en *Wat is jou sterk- en swakpunte?* Moet asseblief nie sê jou swakpunt is dat jy ’n perfeksionis is nie.

9 Dit is moeilik om tydens ’n onderhoud kalm te bly; tog beveel baie onderhoudvoerders die aansoekers aan om kalm en rustig te wees. Aansoekers moet op hul gemak wees, maar nie te gemaklik nie. Jy moet byvoorbeeld nie agteroor in jou stoel sit nie. Sit regop en behou oogkontak met die onderhoudvoerder. Praat rustig en beantwoord wat gevra word.

10 Hoewel die onderhoudvoerders gewoonlik vra of die aansoeker vrae het, moet jy nie onnodige vrae vra nie. Moet veral nie vrae oor vergoeding vir oortyd en die aantal verlofdae vra nie. Moenie lag of giggel as jy ’n vraag moet beantwoord nie.

11 Indien jou aansoek onsuksesvol was, is dit aanvaarbaar om navraag te doen sodat jy ’n volgende keer nie weer dieselfde foute begaan nie. Maatskappye is egter nie verplig om enige terugvoering te gee nie.

12 Dit is belangrik dat jy nie tydens die werksoekfase moed opgee nie. Maak net seker jy is goed voorbereid sodat jy jou voet in die deur kan kry wanneer daar ’n geleentheid is.

Uit: *Kuier, 1 September 2010 (* effens verwerk )

PARAGRAWE 1 TOT 2

1.1 Noem die belangrikste rede waarom mense volgens die leesstuk sukkel om werk te kry. (1)

1.2 Watter TWEE faktore kan bepaal of jy die werk sal kry waarvoor jy aansoek doen? Jy kan in TWEE sinne antwoord. (2)

1.3 Kies die antwoord wat die beste pas.
Baie mense kan nog die resessie *aan hul lywe voel*, beteken dat mense (as gevolg daarvan honger ly / die effek daarvan voel). (1)

1.4 Voltooi die onderstaande sin sodat die aanbeveling dieselfde is soos in die leesstuk.
Werksoek is harde werk; daarom moet ’n mens … (1)

1.5 "Die eerste stap is om werkgeleenthede te kry waarvoor jy kan aansoek doen."
Noem TWEE moontlike plekke waar jy sal begin werk soek. (2)

PARAGRAWE 3 TOT 5

1.6 Skryf 'n woord neer wat aandui dat jou kwalifikasie by die pos moet pas. (1)

1.7 Werkgewers gee nie om as jy spel- en taalfoute op jou CV maak nie.

1.7.1 Is die bostaande stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.7.1 met 'n aanhaling. (1)

1.8 Watter indruk skep 'n slordige CV by 'n werkgewer? (1)

1.9 Watter antwoord PAS NIE?

Jou CV moet die volgende inligting bevat:

A jou kwalifikasies

B inligting oor vorige werk

C name en kontakbesonderhede van vriende

D persoonlike inligting (1)

1.10 Verduidelik wat bedoel word as jou CV "op datum" moet wees. (1)

PARAGRAWE 6 TOT 8

1.11 Kies die antwoord uit KOLOM B wat die beste by die woord in KOLOM A pas.
Skryf die nommers 1.11.1 tot 1.11.3 onder mekaar neer en die gepaste antwoord uit KOLOM B langsaan.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.11.1 werksonderhoud | A jy moet 'n afskrif na die onderhoud saambring. |
| 1.11.2 dekbrief | B dit moet jou swak- en sterkpunte aandui. |
| 1.11.3 CV | C die werkgewer kan hierdeur meer oor jou uitvind. |
| | D hiervoor moet jy meer oor die maatskappy uitvind. |

(3)

1.12 Verduidelik wat bedoel word met "standaardvrae". (1)

1.13 "Hoe die werksonderhoud verloop, gaan bepaal of jy die werk kry of nie."
Dink jy dit is regverdig? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

PARAGRAWE 9 TOT 10

1.14 “Aansoekers moet op hul *gemak* wees, maar nie te *gemaklik* nie.

Verduidelik IN JOU EIE WOORDE wat met die bostaande stelling bedoel word. (2)

1.15 Waarom, dink jy, moet jy liewer nie

1.15.1 vrae vra oor betaling vir oortyd nie? (1)

1.15.2 vrae vra oor verlof nie? (1)

PARAGRAWE 11 TOT 12

1.16 Sal jy navraag doen by ’n maatskappy indien jou aansoek onsuksesvol was?

Motiveer jou antwoord. (2)

**TEKS B: ADVERTENSIE**

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.




*[Goedgunstiglik verskaf deur Die Burger]*

1.17 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

1.18 Wat is die funksie van die blomme in die advertensie? (1)

1.19 Watter TWEE afleidings kan jy maak van die seun se woorde: “Skryf NOU in. Plekke is beperk.”? (2)

1.20 Is die onderstaande ’n feit of ’n mening?

Jy sal graad12 slaag as jy hierdie Lenteskool gaan bywoon. (1)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2 : So kan ek elke dag glimlag!**

**INSTRUKSIES**

1. Maak 'n opsomming van die onderstaande teks.
2. Skryf **sewe wenke** neer sodat jy elke dag kan glimlag .
3. Skryf elke wenk in ’n volsin.
4. Skryf die wenke **puntsgewys** onder mekaar neer.
5. Nommer die sinne van 1 tot 7.
6. Laat ’n reël tussen die sinne oop.
7. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
8. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

## So kan jy elke dag glimlag!

Dis onmoontlik om elke dag fantasties te voel. Jou omgewing, gebeure en eetgewoontes kan ’n rol speel in hoe breed jy glimlag.

Voel jy af? Hoe kan jy beter voel? Gaan jy ’n wortel of jou gunsteling-sjokolade kies? Jy besef nie watter invloed jou kos op jou gemoedstoestand het nie. Die geheim tot ’n gelukkiger jy is beslis gesonder kos.

Volgens ’n studie beïnvloed ander mense se emosies jou bui. Gelukkige mense sal jou beslis beter laat voel. Soek eerder die geselskap van opgewekte maats. Oefening doen ook wondere. Maak seker dat jy elke dag oefen om jou weer te laat glimlag.

Het jou lewe dalk ’n roetine geword waar jy niks opwindends verwag nie? Verander self jou vervelige lewe deur byvoorbeeld ’n uitstappie of partytjie te reël. As jy uitsien na iets, voel jy klaar beter deur net daaraan te dink.

Musiek kan ook jou bui vinnig verbeter. In een studie het 92% van die deelnemers gelukkiger gevoel terwyl hulle na musiek luister waarvan hulle hou. Dis nou ’n goeie rede om daardie CD te koop wat jy lankal begeer. ’n Groot geheim tot geluk is gesonde verhoudings. Kuier gereeld saam met ’n maat as jy gelukkiger wil voel.

Kan jy glo, huis skoonmaak help jou om jou emosies saam met die rommel uit te sorteer. Die Chinese maak glo elke lente huis skoon en raak so ontslae van slegte geluk. Volgens ’n sielkundige kan huis skoonmaak ’n verskil maak as jy die dag af voel. Wel, dis dan hoe jy elke dag kan opvrolik.

[Verwerk uit: *Finesse* 15 Maart 2010


**TOTAAL AFDELING B: [10]**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3:**

**TEKS D: ADVERTENSIE**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.




*Uit:* Huisgenoot, 9 Augustus 2012

3.1 **Spandeer slegs R50 by 'n deelnemende Total diensstasie, en staan 'n kans, elke dag, om 'n R1000 Total VIP Customer - kaart te wen.**

VOLTOOI nou die onderstaande sin.
Die sin hierbo is 'n voorbeeld van manipulerende taal. Dit manipuleer die leser om … (1)

3.2 Lees die sinne wat sin 1 en sin 2 hieronder genommer is.

3.2.1 Kies die SINSOORT (sin 1 of sin 2) wat die beste by hierdie advertensie pas.

Sin 1: Wen 'n motor of 'n reis na Frankryk! (Uitroepsin)
Sin 2: Jy wen 'n motor of 'n reis na Frankryk. (Stelsin) (1)

3.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.2.1. (1)

3.3 Voltooi die volgende IDIOOM. Kies uit die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (3.3) en die antwoord neer.

| sak; beursie; kop |
|---|

Die advertensie probeer jou ’n gat in die ____ praat. (1)

3.4 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Total salueer jou vandeesmaand. (1)

3.5 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die Citroën DS3 pas by enige vrou se (lewe + styl). (1)

3.6 Gee die AFKORTING van die onderstreepte woord. Skryf slegs die afkorting as antwoord neer.

Hierdie kompetisie eindig die laaste <u>Saterdag</u> in September. (1)

3.7 Gee die AFRIKAANSE woord vir die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Total gee elke dag ’n VIP <u>Customer</u>-kaart aan ’n gelukkige wenner weg. (1)

3.8 VOLTOOI die sin deur die ontbrekende woord in te vul. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die inwoners van Frankryk, noem ons _____. (1)

3.9 Noem EEN visuele tegniek wat die adverteerder gebruik om ’n atmosfeer van Frankryk te skep. (1)

**[10]**

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.




| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

4.1 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.1) en die antwoord neer.

“Ek’s nogal ’n <u>vangs</u>” (Raampie 3) is ’n voorbeeld van

A stereotipering
B denotasie
C konnotasie
D manipulerende taal (1)

4.2 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Ek ken baie mense, maar jy het die (goeie) hart van almal. (1)

4.3 Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die een man het ’n (mis / mus) op sy kop. (1)

4.4 Voltooi die sin deur die korrekte VOORSETSEL in te vul. Skryf slegs die vraagnommer (4.4) en die antwoord neer.

Daar is ’n groot glimlag _____ sy gesig toe hy die hart uittrek. (1)

4.5 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Jy het waarlik ’n goeie hart. (1)

4.6 Lees weer die woorde in raampie 1.

Hoe wys die kunstenaar dat die matroos verbaas is oor die woorde van die jongman? (1)

4.7 Vorm ’n DEELWOORD van die woord tussen hakies.

Die twee (insit) van die bootjie gesels heerlik. (1)

4.8 Kies die UITROEP wat die volgende sin die beste voltooi. Skryf net die vraagnommer(4.8) en die letter (A-D) neer.

“ _____! Jy het darem ’n goeie hart.

A Eina!
B Foeitog!
C Sjoe!
D Hoera! (1)

4.9 Vul die ontbrekende WERKWOORD in. Skryf slegs die vraagnommer (4.9) en die antwoord neer.

Die jongman met die rekenaar probeer ’n gesprek met die matroos _____. (1)

4.10 Gee die VERKLEINING van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Hy het ’n klomp <u>goed</u> bestel wat liefdadigheid ondersteun. (1)

**[10]**

**VRAAG 5**

**TEKS F: ARTIKEL**

Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer. Daar is opsetlike taalfoute in die teks.

## Vyf planne teen emosionele ooreet

1 Stres kan jou na kos laat gryp, maar dis egter net ’n tydelike troos. Onlangse Finse navorsing stel vyf stappe voor om jou van die koekblikkie af weg te hou.

2 Lei jou aandag 5.3 van + dit af, bel ’n vriendin of blaai deur ’n tydskrif.

3 Hou dagboek van wat, wanneer en hoekom jy eet. Jy sal verbaas wees om te weet dat daar soms ’n patroon is: emosionele eters eet juis soms omdat hulle hartseer, depressief, eensaam of ongelukkig is. Dis nogal 'n 5.4 interesante feit. Wanneer hulle eet, voel hulle beter omtrent hulself, maar ongelukkig veroorsaak dit weer later stres.

4 Moenie eet omdat jy verveeld is nie. Baie mense het nie die tyd, wilskrag of energie om enigiets anders, soos oefening, te doen nie.

5 Oefen! Dit help jou om jou emosies te verwerk. Jy sal beter voel omtrent jouself en in staat wees om gesonder keuses uit te oefen.

6 Slaap! As jy uitgerus is, sal jy nie so vinnig gespanne raak nie.

*Aangepas uit:* Huisgenoot, 9 Augustus 2012

5.1 Gebruik die onderstreepte woord in die volgende sin sodat dit ’n WERKWOORD is.

Die stres kan jou na <u>kos</u> laat gryp. (1)

5.2 Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

As jy genoeg slaap, sal jy nie so <u>vinnig,</u> gespanne raak nie. (1)

5.3 VERBIND die twee woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

As jy honger is, lei jou aandag (van + dit) af met oefening. (1)

5.4 Verbeter die onderstreepte SPELFOUT in die volgende sin.

Dis nogal 'n <u>interesante</u> feit. (1)

5.5 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM neer.

Het jy al probeer om gereeld te oefen? (1)

5.6 Skryf die volgende sin in die KORREKTE WOORDORDE neer.

Jy moet (in jou dagboek) (noukeurig) (elke dag) neerskryf wat jy eet. (1)

5.7 Kyk na die verkorte woordeboekinskrywing. Skryf die LETTERGREEP neer wat die klem dra.

| |
|---|
| **oor-eet'** ww (-) (*refleks*)<br>Te veel eet: *Jou ooreet by die Kersmaal* |

Uit: HAT,Vyfde uitgawe, 2005 (1)

5.8 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die (risiko) is baie meer en groter as jy ongesonde eetgewoontes het. (1)

5.9 Voltooi die sin deur die KORREKTE VOORNAAMWOORD in te vul. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die meisie moet _____ slegte eetgewoontes verander. (1)

5.10 Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

Susan het erken: “Ek het gister vergeet om my vriendin te bel.” (2)

5.11 Skryf die volgende sin oor as ’n VRAAGSIN. Die onderstreepte gedeelte is die antwoord.

Sy skryf elke dag <u>in haar dagboek</u>. (1)

5.12 Gee die KORREKTE VORM van die byvoeglike naamwoord tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die (depressief) ma kan nie haar kinders versorg nie. (1)

5.13 Skryf ’n ANTONIEM neer vir die onderstreepte woord in die volgende sin. Skryf slegs die woord as ‘n antwoord neer.

Jy sal baie <u>gespanne</u> voel as jy genoeg slaap. (1)

**[14]**

**TEKS G: PRENT**

Die taalvrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.




5.14 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord as antwoord neer.

Foeitog, die arme meisie (lei / ly) aan stres. (1)

5.15 VERBIND die twee sinne.

Sy drink baie koffie. Haar probleem raak erg.
Begin so: Hoe meer koffie sy drink, hoe … (1)

5.16 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Drink elke dag slegs een koppie koffie.
Begin so: Jy behoort … (1)

5.17 Skryf die volgende sin oor in die BEDRYWENDE VORM.

Die koppie word deur die meisie vasgehou. (1)

5.18 Gee 'n SINONIEM vir die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as die antwoord neer.

Draai net om en loop <u>suutjies</u> weg. (1)

5.19 Kyk weer na die prent. Vul die ontbrekende woord in om die uitdrukking KORREK te voltooi. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die meisie se oë is so _____ soos pierings. (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**